

29 *Sondag*

SKRIFGEDEELTE: JOSUA 14:6-15; 15:16, 17; RIGT. 3 :9, 10; 1 KRON. 2:49 (OAV)

FOKUSGEDEELTES: JOSUA 14:14; 15:16, 17; RIGT. 3 :9, 10; 1 KRON. 2:49 (OAV)

Agsa – aartjie na haar vaartjie: Vertrou op God!

Vandag spreek God deur Agsa (NAV = Aksa) tot ons: Sy en haar mense het volkome op die Here vertrou! Agsa is 'n aartjie na haar vaartjie. Met ander woorde, sy volg in die gelowige voetspore van haar voorvaders.

Op drie plekke in die Bybel word van hierdie vrou gepraat. Om te weet wie sy was, moet ons kyk wie haar vader en wie haar man was, en die antwoord word in 1 Kronieke saamgevat. Haar pa, *Kaleb*, het sy dogtertjie *Agsa* (voetkettinkie) genoem. Moses stuur verkenners om te gaan kyk hoe die beloofde land ingeneem kan word. Tien verkenners het gesê dat dit onmoontlik sal wees, terwyl Kaleb en Josua gesê het dat die Israeliete maar net op die HERE moet vertrou, dan is hulle tot alles in staat.

In Josua 14 word daar drie keer gesê dat Kaleb volgehou het om die HERE te volg. Kaleb het op die HERE vertrou, daarom het hy die Enakiete verslaan.

Agsa se man was *Otniël*. Toe Kaleb besig was met sy verowerings, het hy Agsa aan Otniël as vrou gegee as beloning omdat Otniël die stad Debir verslaan het. Ná die dood van Kaleb en Josua het die volk die HERE vergeet en agter afgode aangegaan. Die HERE gee Israel dan oor aan rowers en vyande. Otniël word ná Israel se bekering geroep om as die eerste rigter op te tree om die volk van hulle vyande te red. Sy naam beteken “my sterkte is my God”. Rigters 3:10 sê dat die Gees van die HERE op hom gekom het, en dáárom kon hy die vyand verslaan en het daar 40 jaar rus in die land gekom.

Agsa se naam staan ook in die Kroniekeboek. Dit staan uit tussen 'n klomp seunsname ... *Die en die was die seun van so en so*. Die Kroniekeboeke is ná die ballingskapstyd geskryf. Die HERE het die oorblyfsel, met ander woorde die verlostes en dié wat op die HERE vertrou het, na Jerusalem laat terugkeer.

1 Kronieke 1-9 benadruk dat God vir Hom deur die eeue 'n volk (die kerk) bymekaarmaak van mense wat 'n persoonlike verhouding met Hom het; mense wat op Hom vertrou het; mense wat Hom aangeroop en na Hom gevra het. Net dié mense se name word genoem. Die een pa het die dinge van die geloof aan sy kinders vertel, en die kinders aan hulle kinders. Kaleb aan Agsa, Agsa trou met Otniël, en Otniël hoor dit van sy pa en lei die volk weer terug na die HERE. Aartjie na sy/haar vaartjie!

Kan dit ook van jóu gesê word? Vertrou jou kinders ook op die HERE soos jy? Voed jou kinders só op dat hulle nes jy op die HERE vertrou!

Sing: Psalm 71:1, 2 (1936)

Ds. AH (Arie) Stavast (Kroonstad)